education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2007

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

2. VRAAG 1 is VERPLIGTEND. Kies enige TWEE vrae uit die oorblywende drie vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming met die puntetoe-kenning by ELKE vraag wees.

6. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

1.1 Verduidelik die volgende konsepte:

1.1.1 Diaspora (2)
1.1.2 Ateïsme (2)
1.1.3 Sjamaan (2)
1.1.4 Sekulêr (2)
1.1.5 Teokrasie (2)

1.2 Noem die grootste Afrika Ingewyde Christelike Kerk in Suid-Afrika. (2)

1.3 Noem DRIE nie-sendelinggodsdienste in die wêreld. (6)

1.4 Wat beteken *sinkretisme*? (2)

1.5 Waarom het verskillende godsdienste verskillende simbole? (4)

1.6 Pas 'n simbool in KOLOM B by 'n godsdiens in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.6.1 – 1.6.5) in die antwoordeboek neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.6.1 | Afrika Tradisionele Godsdiens | A | kruis |
| 1.6.2 | Hindoeïsme | B | kleipot |
| 1.6.3 | Christendom | C | OM-teken |
| 1.6.4 | Islam | D | Ster van Dawid |
| 1.6.5 | Judaïsme | E | Die Wiel van Dharma |

(5 x 2) (10)

1.7 Wat verstaan jy onder *interreligieuse dialoog*? (2)

1.8 Noem EEN persoon wat die funksionalisme-bril opgesit het om na godsdiens te kyk. (2)

1.9 Benoem 'n sinkretistiese godsdiens wat deur Nanak Guru in Indië in die lewe geroep is. (2)

1.10 'Baie gelowe het vanaf die visie en werk van spesiale mense begin.'

Noem in ELKE geval die godsdiens wat die volgende persone onderskeidelik verteenwoordig:

1.10.1 Sidarta Gautama (2)

1.10.2 Baha'u'lla'h (2)

1.11 Verskaf DRIE sosiale/maatskaplike rolle van rituele. (6)
**[50]**

Kies enige TWEE van die volgende drie vrae.

**VRAAG 2**

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

> In 1967 het Albanië homself as die wêreld se eerste ateïstiese staat verklaar. President Enver Hoxha het 'n stryd teen 'godsdienstige bygelowe' begin voer en het verklaar dat die godsdiens van Albanië voortaan 'Albanianisme' sal heet. Gedurende dieselfde jaar is oor die 2 000 kerke, moskees, kloosters en ander godsdienstige instellings gesluit of vir ander doeleindes gebruik. Predikante van alle gelowe is gevange geneem of geforseer om werk in industrieë of die landbou te soek. Na die val van Kommunisme het Albanië weer godsdiensvryheid binne sy grense toegelaat.
>
> In 1976 het Kuba, onder die leierskap van president Fidel Castro, 'n konstitusie aanvaar wat Kuba as 'n ateïstiese staat verklaar het. Gelowiges van alle gelowe is dikwels gedreig en sommige het lang tronkstrawwe uitgedien. Daar is steeds 'n baie beperkte godsdiensvryheid in Kuba.
>
> Ander lande waar ateïsme as die amptelike beleid van die staat bevorder word, sluit China, Viëtnam en Noord-Korea in. In hierdie lande word godsdienstige leiers gevange geneem, godsdienstige eiendom word gekonfiskeer en godsdienstige opvoeding en literatuur in skole verban.

[Uittreksel uit: *Religion Studies Grade 11* deur Steyn et al., 2006:117]

2.1.1 Noem TWEE skendings van godsdiensvryheid wat gedurende die Kommunistiese tydperk in Albanië plaasgevind het. (4)

2.1.2 Wat is die huidige toedrag van sake in Kuba met betrekking tot godsdiensvryheid? (2)

2.1.3 Noem DRIE skendings van godsdiensvryheid wat in China, Viëtnam en Noord-Korea plaasgevind het. (6)

2.1.4 Waarom is daar 'n sterk neiging om die geloofsgemeenskappe in die Kommunistiese lande te vervolg? (4)

2.1.5 Suid-Afrika is 'n sekulêre staat. Bespreek hoe so 'n staat met 'n ateïstiese staat vergelyk. (10)

2.1.6 Wat het in Kuba met die geloofsgemeenskappe gebeur nadat die land homself as 'n ateïstiese staat verklaar het? (4)

2.2 Lees die onderstaande navorsing oor geslagsvraagstukke wat Lindelani van voorneme is om te doen en beantwoord dan die volgende vrae:

| |
|---|
| Lindelani se navorsing handel oor die rol van vroue in die tradisionele Moslemgemeenskappe. Sy wil uitvind wat die standpunte van seuns tussen die ouderdomme van 15 tot 18 jaar in haar gemeenskap is. Lindelani vra van jou om haar met hierdie navorsing te help. Sy verkies 'n gestruktureerde onderhoud. |

2.2.1 Hoe moet sy haar vrae vir 'n gestruktureerde onderhoud formuleer? Gee DRIE riglyne. (6)

2.2.2 Gee VYF voorbeelde van vrae wat sy in hierdie tipe navorsing kan stel. (10)

2.2.3 Skryf 'n kort paragraaf om te verduidelik wat jy onder 'n *gestruktureerde onderhoud* verstaan. (4)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande Tswana-storie en beantwoord dan die volgende vrae:

| |
|---|
| Modimo (Goddelikheid) se huis is in 'n gat onder die aarde. Dit is 'n idilliese plek met groen velde, mense, diere, vee, skape en bokke. Vanuit hierdie gat in die aarde het ons eerste ouers gekom. Hulle het saam uitgekom – mans met hulle vrouens, kinders, diere, skape, bokke en honde. 'n Misterieuse eenbeenwese het saam met hulle uitgekom – hy word Loowe genoem. Loowe, 'n agent van die Goddelikheid, het hulle wat uitgekom het, vergesel met die ooreenkoms om die wil en doel van Goddelikheid te vervul. Hy keer dan terug na die gat en laat die mense en diere op die oppervlak van die aarde agter om dit te bewoon en dit hulle tuiste te maak. Dit alles het by Ga-Ditshwene in die land van die Bahurutse gebeur. Die voetspore van hulle wat eerste uitgekom het en van die eerste diere, dui aan dat dit plaasgevind het toe die rots nog gesmelt was. Selfs die voetspoor wat groter as die mens se voetspoor is, Loowe s'n, is steeds waarneembaar. |

[Uittreksel uit: *Shuters Religion Studies* deur Hofmeyer et al., 2006:26]

3.1.1 Is die bostaande storie 'n *verhaal* of 'n *mite*? Motiveer jou antwoord deur jou keuse krities te definieer. (6)

3.1.2 Wat is die doel van hierdie storie? (2)

3.1.3 Hoe het die eerste skepsels (kreature), volgens hierdie storie, tot stand gekom? (2)

3.1.4 Hierdie gedeelte vertel ons van die geloof van die Ba-Tswana-volk. Was hulle *monoteïsties* of *politeïsties*? Motiveer jou antwoord. (4)

3.1.5 Haal vanuit die storie die sigbare bewyse aan wat die bestaan van die agent van die Goddelike, Loowe, ondersteun. (2)

3.1.6 Wie was vir die skepping verantwoordelik, volgens die bostaande storie? (2)

3.1.7 Hoe, dink jy, het die Tswana-storie oor die Tswana-skepping behoue gebly totdat dit neergeskryf is? (2)

3.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae:

Daar is bewyse in Zimbabwe van 'n groot staatsamelewing wat omtrent 1 000 jaar gelede bestaan het. Daar word geglo dat omstreeks 1 000 AE (Huidige Tydperk), mense groot steengeboue vir die konings begin oprig het om hulle teen vyande en teen siektes wat deur die tsetsevlieë veroorsaak is, te beskerm. Hierdie geboue het later in stede, met 'n bevolking van amper 20 000 mense, ontwikkel! Vandag kan die bouvalle van die monumente en stede wat van steen gebou was, steeds gesien word en staan as Groot Zimbabwe bekend. Argeoloë het bewyse gevind wat toon dat die stede deur die Shona-bevolking wat vandag steeds in Zimbabwe woon, gebou is. Baie artefakte, byvoorbeeld pragtige standbeelde en potte, is ontdek. Dit toon dat Groot Zimbabwe die tuiste van 'n groot beskawing was.

Godsdienstige artefakte, soos dierestandbeelde van krokodille en valke, is in die bouvalle van Groot Zimbabwe ontdek. Daar word geglo dat diere 'n belangrike rol in die godsdiens van die antieke Shona-gemeenskap gespeel het. Argeoloë sê dat Groot Zimbabwe 'n belangrike godsdienstige sentrum vir die aanbidding van die Shona-god, Mwari, geword het. Een van die belangrikste godsdienstige ontwikkelinge gedurende hierdie tyd was die aanbidding van die voorvaders. Daar word geglo dat die skepping van 'n Shona-staat wat deur 'n koningskap beheer is, gelei het tot die aanbidding van die voorvadergeeste van die vorige konings ('mhondoro') en dit het 'n belangrike deel van die Shona godsdienstige gelowe en praktyke geword. Geloof in die voorvaders is 'n sleutelkenmerk van die Afrika Tradisionele Godsdiens. Die voorvaders is familielede (of, vir party groepe, alle lede van dieselfde stam) wat gesterf het en weg is na die geesteswêreld. Alhoewel die voorvaders weg is na die wêreld van die geeste, word hulle steeds as deel van die gemeenskap beskou. Die wyse waarop die lewendes met die dooies kommunikeer, is deur die ritueel van offerandes. Gewoonlik neem die hele familie deel aan die ritueel waar 'n dier geoffer word en dan voorberei en deur die lewendes en die voorvaders gedeel word. Deur hierdie ritueel wat die hele familie insluit, uit te voer, kan 'n familie verseker dat familielede wat reeds gesterf het, steeds 'n rol in die lewe van dié wat nog lewe, kan speel. Omdat die voorvaders nog steeds as deel van die lewende gemeenskap beskou word, word geglo dat die voorvaders nog steeds aan die gebeure wat in die familie plaasvind, soos geboortes en troues, wil deelneem. Die voorvaders het magte om die familie teen die bose en rampe te beskerm omdat hulle na die geesteswêreld aanbeweeg het. Dit is daarom baie belangrik dat die familie die voorvaders in enige

gebeurtenis wat in die familie plaasvind, insluit. Die voorvaders bied nie slegs beskerming aan die familie nie, maar hulle kan ook siektes na die gemeenskap bring, as 'n wyse om te kommunikeer dat hulle ongelukkig is oor iets wat in die familie plaasvind. Dit is om hierdie rede dat, indien iemand in die familie siek word en nie genees kan word nie, dan neem die hele familie deel aan 'n ritueel om met die voorvaders te kommunikeer, waarin die lewendes om vergifnis vra.

Die ritueel om met die voorvaders te kommunikeer, is belangrik in die gemeenskap omdat dit nie alleen verduidelik dat daar lewe na die dood is nie, maar dit wys ook dat 'n persoon se familiebande nooit gebreek is nie, selfs nie in die dood nie. Om 'n voorvader te word, word as die belangrikste prestasie in die lewe van 'n mens beskou. Jy kan alleenlik 'n voorvader word indien jy trou en kinders het, sodat jou lewende familielede rituele kan uitvoer om met jou te kommunikeer na jou sterfte. Die belangrikheid van voorvaders binne die tradisionele Afrika-samelewing beteken dat die leiers in die samelewing as die leiers van die gemeenskap beskou word omdat hulle binnekort voorvaders kan word.

[Uittreksel uit: *Focus on Religion Studies Grade 11* deur Donne et al., 2005:13 – 14]

3.2.1 Wat vertel die artefakte soos mooi standbeelde en potte ons van Groot Zimbabwe? (2)

3.2.2 Wat vertel die godsdienstige artefakte soos dierestandbeelde van krokodille en valke ons aangaande die rol van diere in Groot Zimbabwe se godsdiens? (2)

3.2.3 Wat is die sleutelkenmerk van die Afrika Tradisionele Godsdiens volgens hierdie uittreksel? (2)

3.2.4 Waarom het die Zimbabwiërs die voorvadergeeste van die vorige konings aanbid? (2)

3.2.5 Wat is gedoen indien iemand aan 'n ongeneeslike siekte gely het? (4)

3.2.6 Wat laat 'n persoon as 'n voorvader kwalifiseer? (4)

3.2.7 Waarom het die mense van Groot Zimbabwe die geeste van die voorvaders vereer? (4)

3.2.8 Hoe word die voorvaders volgens die uittreksel gedifinieer? (2)

3.2.9 Stem jy saam dat die godsdiens van Zimbabwe monoteïsties was? Motiveer jou antwoord. (4)

3.2.10 'Groot Zimbabwe was 'n tipiese voorbeeld van 'n staatsamelewing.'

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord. (4)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Noem DRIE godsdienste wat menslike oorheersing in die skepping benadruk. (6)

4.2 Verduidelik kortliks waarom Sjintoïsme en Boeddhisme beskou word as godsdienste wat 'n belangrike rol in die handhawing van harmonie tussen die mens en die res van die wêreld speel. (4)

4.3 Bespreek kortliks hoe die natuurlike omgewing godsdiens beïnvloed, met spesiale verwysing na die Christelike geloof. (10)

4.4 Verduidelik kortliks die konsep van rentmeesterskap in Judaïsme en hulle sustergodsdienste, soos die Christendom en Islam, met betrekking tot die omgewing. (10)

4.5 Die meeste Suid-Afrikaners het 'n vyfdag-werksweek waartydens hulle werk en hulle lewensonderhoud verdien. Op Saterdae en Sondae rus hulle en gaan kyk verskillende sportsoorte vir ontspanning.

4.5.1 Skryf kort notas oor die verhouding tussen werk en ontspanning vanuit 'n godsdienstige perspektief en verskaf TWEE aktuele/ relevante voorbeelde. (10)

4.5.2 Waarom sou godsdienste teen ontspanningsaktiwiteite wat met dwelms, alkohol en dobbel gepaard gaan, gekant wees? (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou